

'N BEDIENINGSMODEL VIR DIE NG KERK FAMILIE VAN KERKE IN KZN DIE HERDEFINIËRING VAN DIE ROL VAN PREDIKANTE EN LIDMATE

Januarie 2009

1. INLEIDING

Binne die familie van NG Kerke in KZN ontstaan al hoe meer finansiële tekorte wat die bediening van gemeentes ernstig knou. Teen hierdie agtergrond het die NG Kerk, VGKSA en die RCA van die provinsie ernstig besin oor huidige bedieningspraktyke.

Dit is duidelik dat huidige bedieningstrukture net te duur geword het vir armer gemeentes in KZN. 'n Totale kopskuif is nodig om die beskikbare hulpbronne so aan te wend dat die bediening nie net sal voortgaan nie, maar sal uitbrei. Die Koninkryk van God moet groei in die wêreld en in KZN.

Teen hierdie agtergrond is verskeie werkswinkels reeds gehou – die drie kerke saam asook op hulle eie. Die bedieningsmodel is bespreek, selfs op sinodevergaderings. Dit is verder aangepas en in verskeie kringe aanvaar.

Die model fokus op die *herdefiniëring van die rol van predikante en lidmate* in die kerk se uitreik met die evangelie na die wêreld. Dit is dus ook 'n model vir missionêre uitbreiding. Hierdie model word gesien as 'n Bybelse model en kan selfs genoem word 'n *apostoliese bediening*. Die apostels is uitgestuur om presies te doen wat hierdie model van predikante verwag, nl om die evangelie te verkondig en dissipels te maak, dit is mense toe te rus vir die bediening.

In hierdie model val die klem op die bediening van elke gelowige. Die uitgangspunt is Ef 4:11 en 12. Predikante moet gelowiges toerus om die bediening van die gemeente te doen. Die bediening van die gemeente is in die eerste plek die roeping van die lidmate. Hulle moet die bedieningswerk van die gemeente behartig. 'n Groot kopskuif is dus nodig weg van die idee dat die bediening hoofsaaklik deur predikante gedoen word. Lidmate moet weer hulle regmatige plek in die bediening van elke gemeente inneem. Hoogs opgeleide predikante se rol moet dus al meer verander na dié van toerusters en mentors.

2. UITDAGINGS

Demografiese verskuiwings en finansiële tekorte skep sekere unieke uitdagings vir die NG Kerk familie in KZN. Sommige van hierdie uitdagings is bedreigings en ander weer geleenthede. Die bedreigings kan meestal verander word in geleenthede as die groter prentjie in ag geneem word.

- 2.1 **Demografiese** skuiwe het 'n groot impak op die kerk in KZN. Alhoewel daar 'n verstedelingsproses is, woon byna 50% van KZN se inwoners nog op die platteland. Die plattelandse bevolking is meestal baie **arm**. In die stede ontstaan 'n al hoe groterwordende **middelklas**.
- 2.2 Die VGKSA in KZN is meestal 'n plattelandse kerk en is nie gerat vir die opkomende middelklas nie. Die grootste struikelblok is die **gebrek aan kapasiteit** ten opsigte van mannekrag. In die NG Kerk trek lidmate al hoe meer weg uit die dorpe. Gemeentes word al hoe kleiner en kan nie meer 'n eie predikant bekostig nie. In die stede en groter dorpe moet een predikant al hoe meer lidmate bedien, wat 'n onbegonne taak is met die huidige bedieningsmodel.
- 2.3 Die **opleiding** van predikante en lidmate is van die grootste belang. Alle lidmate, kinders van God, moet in staat wees om die evangelie van verslossing aan ongelowiges te bedien. Lidmate moet al meer in staat gestel word om die take van die bediening te doen, soos prediking, pastoraat, leierskap, jeugwerk, groepwerk, ens. Hiervoor moet doelbewuste en volhoubare opleiding verskaf word.
- 2.4 Groter klem moet gelê word op **gesinsbediening**. Mans moet weer hul regmatige rol inneem. Veral in die VGKSA bestaan baie gemeentes meestal uit vrouens en kinders. Ook in die NG Kerk is vrouens al meer prominent in gemeentes vanweë die besige programme van mans.
- 2.5 **Skoolkinders** is 'n balangrike deel van baie gemeentes se bediening. Die uitdaging is om hierdie kinders ingeskakel te hou by 'n kerk

A2

wanneer hulle na skool verskuif na die stede, ander provinsies of selfs na die buiteland.

- 2.6 Binne die groeiende middelklas is daar al meer **huweliks- en gesinsprobleme**. Die kerk moet die kapasiteit en kennis hê om aan hierdie behoeftes aandag te gee.
- 2.7 In ons gemeenskap is daar 'n gebrek aan **rolmodelle** met Christelike waardes. Die jeug en baie ouer mense behoort te kan identifiseer met kerke waar goeie Christelike waardes deur rolmodelle uitgeleef word.
- 2.8 Gemeentes behoort al meer 'n kopskuif te maak **weg van 'n oorlewingsbestaan na 'n missionêre bestaanswyse**. Gemeentes moet uitreik na die gemeenskap se nood.
- 2.9 Daar is baie afgetrede lidmate met **gespesialiseerde vaardighede** wat deur die kerk gebruik kan word. Hierdie vaardighede moet aangewend word tot voordeel van hulle wat in nood verkeer.
- 2.10 Die groot **kultuur- en taalverskille** in KZN is 'n groot uitdaging. Dit maak multi-kulturele bedieninge baie moeilik. Hierdie struikelblok moet op 'n kreatiewe manier oorkom word.

Met 'n nuwe bedieningsmodel en deur hande te vat, is ons oortuig dat bogenoemde uitdagings en bedreigings verander kan word in wonderlike geleenthede vir die Koninkryk van God.

3. OPLOSSING: APOSTOLIESE BEDIENINGSMODEL

'n Geïntegreerde oplossing op drie vlakke is ontwikkel vir die NG Kerk familie in KZN. Alhoewel nie totaal verskillend van die huidige model nie, is hierdie wel 'n ander bedieningsmodel. Dit vra vir 'n **kopskuif** binne die gereformeerde teologie, nie vir 'n ander teologie nie. In hierdie nuwe model vorm die drie vlakke drie fokusareas wat ons dringende aandag nodig het.

3.1 Opgeleide gelowiges/leiers

Een van die identifiserende eienskappe van die NG Kerk familie is haar hoogs opgeleide predikante/evangeliste. Min ander denominasies het dieselfde vlak van teologiese en Bybelse opleiding vir hulle leiers. Dit is ononderhandelbaar vir die kerk, ook in die nuwe model.

Hierdie hoogsopgeleide leiers maak egter die kerklike strukture baie duur, veral binne die arm gemeenskappe van KwaZulu-Natal.

In die nuwe model word voorgestel dat gelowiges/leiers vanuit die gemeentes opgelei word vir **gespesialiseerde bedieninge**. Die rol van die hoogsopgeleide predikante/evangeliste verander. In plaas daarvan dat hulle self die meeste bedieningstake behartig, word hulle nou die opleiers/mentors van die gelowiges/leiers. Gelowiges word vanuit die gemeente geïdentifiseer en word *goed opgelei*. Elke gelowige spesialiseer in slegs een of twee aspekte van die bediening volgens sy/haar geestelik gawes. Sommige sal opgelei word as predikers, ander as pastorale werkers, ander in leierskap/gemeentebou, ander as jeugwerkers, ander as evangeliste/sendinge, ander as kleingroepleiers, ens. Die verskillende opgeleide gelowiges/leiers in die gemeente vorm saam 'n bedieningspan wat al die bedieningstake behartig wat tans deur 'n predikant gedoen word. In plaas van een opgeleide predikant wat die meeste van die werk moet doen, is daar nou 'n opgeleide span wat meer effektief kan bedien.

Die **opleiding** moet op plaaslike vlak gedoen word deur die hoogsopgeleide predikante/evangeliste volgens gestandaardiseerde opleidingsmateriaal. Insette kan vanaf die teologiese fakulteite en ander opleidingsinstansies verkry word. Die opleiding kan gedoen word deur bywoningskursusse, werksinkels, korrespondensie of via die internet, of 'n kombinasie van hierdie metodes.

'n Aanvanklike kursus word deurloop waarna die kandidaat **gelegitimeer** word deur die ring vir die gespesialiseerde bediening binne die ring waar die gelowige opgelei is. Die ring legitimeer iemand nadat hy/sy die opleiding

A3

suksesvol deurloop het en op aanbeveling van die betrokke kerkraad. Op hierdie wyse word verseker dat die bediening steeds op 'n hoë vlak gedoen word.

Dit is belangrik dat elke gelowige van die begin van sy/haar opleiding **gementor** word deur 'n hoogsopgeleide predikant. Na die aanvanklike kursus moet die mentorsverhouding voortgesit word. Elke opgeleide gelowige werk nou saam met sy/haar mentor.

Na die aanvanklike opleiding is die deelname aan **voortgesette opleiding** van die grootste belang. Met die oog op verdere opleiding is leeswerk, bywoon van seminare en verdere kursusse belangrik. Die plaaslike hoogsopgeleide predikante moet verantwoordelik wees om hierdie voortgesette opleiding te doen. Provinsale- of streekswerkswinkels en konferensies kan aanvullend gehou word. Netwerke van alle opgeleide gelowiges volgens hulle spesialis bedieningsareas kan gevorm word.

Kerkrade **identifiseer en stuur** gelowiges vir opleiding. Hulle maak seker dat die betrokke kandidaat oor die nodige gawes en persoonlikheid beskik vir die gespesialiseerde bediening waarvoor hy/sy opgelei word. Die kerkraad bevestig die gelegitimeerde in die amp van ouderling/diaken vir sy/haar gespesialiseerde diens. Die kerkraad besluit oor hoe elkeen binne die gemeente aangewend word. Die opgeleide gelowiges/leiers tree op as onbetaalde (tentmakers) leiers binne die plaaslike gemeente. Die kerkraad betaal vir hulle aanvanklike en voortgesette opleiding waar moontlik. Waar gemeentes dit nie kan bekostig nie, kan hierdie opleiding deur die ring of sinode gesubsidieer word.

Die aanvanklike en voortgesette opleiding word gedoen deur **predikante** wat vir die doel deur ringe en sinodes opgelei word. Predikante vorm 'n netwerk om mekaar deurlopend te ondersteun en op te lei. Predikante fokus op die opleiding en mentorskap van die gelowiges en nie op die bediening van die plaaslike lidmate soos in die ou model nie. 'n Predikant se fokus is die bemagtiging van gelowiges/leiers vir hulle bediening in die gemeente en gemeenskap.

Die hoogsopgeleide predikante word **beroep en betaal** deur die ring (of deur groter gemeentes). Genoeg gemeentes moet saam gegroepeer word om die salaris van die predikante te kan betaal. Armer gemeenskappe kan gesubsidieer word. Predikante spesialiseer ook binne die ringsgebied volgens hulle gawes, bv prediking, pastoraat, ens. Hierdie model sal dus meer koste-effektief wees as die huidige model waar elke gemeente sy eie predikant het. Wanneer 'n ring te klein raak om sy predikante te onderhou, kan die sinode die grense verander sonder die krisis wat ontstaan wanneer 'n gemeente te klein word om hulle predikant te betaal.

3.2 Kleiner gemeentes

Die nuwe model maak voorsiening vir **kleiner eerder as groter gemeentes**. Wat tans in die VGKSA as 'n wyk met eie bedieningspunt gesien word, of in die NG Kerk as 'n klein onvolhoubare gemeente of buitepos, of in die RCA as 'mission' (sending), kan maklik ontwikkel word as 'n klein interafhanklike gemeente.

Tans sien baie van hierdie kleiner plaaslike eenhede hulleself nie as **volwaardige kerke** nie. Hulle voel net deel van die kerk as hulle saam met die groter gemeente vergader. Dit is een van die redes waarom hierdie kleiner entiteite nooit op hulle eie met die evangelie uitreik na hulle gemeenskap nie. In die huidige model is hulle baie na binne gekeer en fokus op oorlewing. In die nuwe model behoort elke gemeente, hoe klein ookal, 'n **uitreikprojek** in hulle eie gemeenskap te hê.

Die nuwe model ontwikkel dus 'n **interafhanklike** plaaslike gemeente wat in sy wese gestuurd is. Uitreike word gedoen deur die plaaslike opgeleide gelowiges onder mentorskap van 'n hoogsopgeleide predikant. Op hierdie manier brei die plaaslike gemeente uit en word selfonderhoudend en interafhanklik.

Sulke kleiner plaaslike gemeentes bestaan binne dieselfde kultuurgroep of as interkulturele gemeentes volgens die **plaaslike behoeftes**.

A4

'n Kleiner gemeente het nie duur **geboue** nodig nie en kan selfs in bestaande lokale binne die gemeenskap bymekaarkom.

3.3 Vennootskappe

Die riglyne vir vennootskappe oor kerkgrense heen soos reeds deur ringe en sinodes goedgekeur is, kan met groot sukses op die apostoliese bedieningsmodel toegepas word. Daar is drie vlakke van vennootskappe:

Primêre vennootskappe

Dit is waar twee gemeentes, kerke of ringe in 'n gelyke vennootskap saamwerk. Die vennootskap mag verskillende vlakke van samewerking, onderlinge dienslewering of ondersteuning van mekaar hê.

Sekondêre vennootskappe


Dikwels benodig bogenoemde vennootskappe tussen kerklike strukture meer ondersteuning en kapasiteit van

ander kerklike strukture. In sulke gevalle kan die primêre struktuur 'n band vorm met ander strukture op 'n tweede vlak. Hierdie sekondêre vennootskappe kan meer informeel wees of kan deur formele bindende ooreenkomste gereël word, afhangende van die spesifieke situasie.

Ringe

Ringe sal 'n groot rol speel in die nuwe model. Elke ring behoort ten minste twee of meer hoogsopgeleide predikante te hê om die opgeleide gelowiges/leiers in die plaaslike gemeentes toe te rus, te ondersteun, te monitor en te mentor.

Om die kerklike bande te verstewig behoort die kleiner gemeentes van tyd tot tyd saam te vergader. Christelike feesdae kan goeie geleenthede bied vir groter byeenkomste.



A5

4. IMPLEMENTERING

Na baie gesprek en aanpassings van die model, behoort dit nou redelik spoedeisend geïmplementeer te word. Die volgende sake is belangrik:

- 4.1 **Opleidingsmateriaal** moet beoordeel en gestandaardiseer word. Bestaande hoogsopgeleide predikante moet geïdentifiseer word om as spesialiste op die verskillende terreine as opleiers te dien. Waar nodig moet hulle verder opgelei word. Hulle moet 'n werkgroep vorm om die materiaal te ontwikkel en te standaardiseer.
- 4.2 Die model moet wyd binne die kerke bespreek word. **Werkswinkels** moet met predikante en lidmate gehou word. Die model moet verduidelik word en so veel as moontlik mense moet aan boord gebring word. Predikante en lidmate benodig 'n kopskuif. Dit sal nie vanself gebeur nie. Baie energie moet deurlopend hiervoor ingesit word.
- 4.3 **Loodsprojekte** moet begin word waar die nood die hoogste is, waarskynlik met die opleiding van predikers en pastorale werkers. Aanvanklik kan die opleiding deur die sinode geïnisieer en gedoen word.
- 4.4 Die implementering sal **geleidelik** plaasvind. Waar predikante in die model inkoop, kan hulle heropgelei word as opleiers en mentors. Daarna kan hulle in hulle eie omgewing gelowiges/leiers oplei. Wanneer die ring gereed is, kan hulle predikante beroep met opdrag opleiding en mentorskap. Waar vakatures in gemeentes ontstaan, kan die gemeente onder leiding van die ring besluit of hulle deel van die nuwe model wil word. As dit 'n groot gemeente is, kan hulle onderverdeel in kleiner geografiese gemeentes. Bestaande kleiner eenhede (wyke, buiteposte, sendinge) kan afstig volgens bestaande kerkordes.
- 4.5 **Sinodes en ringe** sal 'n belangrike leierskapsrol moet speel om die model te implimenteer. Daarom moet die model ook op leierskapsvlak bespreek en ondersteun word.
- 4.6 Die **kerkordes** van die verskillende kerke moet aangepas word om die model te akkommodeer. Aandag moet gegee word aan die ampte, bediening van sakramente en dienswerk van gelowiges. Dit is veral belangrik dat opgeleide gelowiges toegelaat moet word om sakramente te bedien.

5. TEN SLOTTE

Dit het tyd geword dat die kerk weer **reformeer**. Die tekort aan hulpbronne gaan dit waarskynlik bespoedig, maar die motivering vir verandering lê op 'n dieper Bybelse vlak. Die eerste reformasie het die Bybel teruggegee aan die kerk. Die tweede reformasie moet die bediening teruggegee aan die lidmate.

Ons gebed is dat hierdie bedieningsmodel daartoe sal bydra dat die bediening van die kerk meer effektief sal wees en dat die kerk sy opdrag om die evangelie aan die hele wêreld te bring beter sal uitvoer.

Soli Deo Gloria.